



Steve Vukile Tshwete Onderwyskompleks • Sone 6 Zwelitsha 5608 • Privaatsak X0032 • Bhisho 5605
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

HOOFDIREKTORAAT – KURRIKULUM BESTUUR

GRAAD 12 LEERDER ONDERSTEUNINGSPROGRAM

HERSIENING EN REMEDIËRENDE ONDERRIG INSTRUMENT: VRAE EN ANTWOORDE

**VAK: AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL – TWEEDE
VRAESTEL**

Junie 2009

Hierdie dokument bestaan uit 28 bladsye.

Streng gesproke nie vir toets/eksamen doeleindes nie.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Lees die volgende instruksies sorgvuldig deur voordat jy die vrae begin beantwoord.
2. Moenie die hele vraestel deurlees nie. Kyk na die inhoudsopgawe op bl. 3 en merk die nommers van die vrae wat handel oor die voorgeskrewe werke wat jy gedurende die jaar gedoen het.
3. Die vraestel bestaan uit VIER afdelings:
 - AFDELING A: ROMAN (doen EEN vraag)
 - AFDELING B: DRAMA (doen EEN vraag)
 - AFDELING C: KORTVERHALE (doen EEN vraag)
 - AFDELING D: GEDIGTE (doen TWEE vrae)
4. Beantwoord vrae uit ENIGE TWEE AFDELINGS oor die genres wat jy vanjaar gedoen het.
5. Jou literêre opstel mag nie langer as 300 woorde wees nie.
6. By die kontekstuele vraag sal die puntetoekenning jou lei om die lengte van elke antwoord te bepaal.
7. Nommer jou antwoorde presies soos in die vraestel.
8. Skryf netjies en leesbaar.

INHOUDSOPGawe

LET WEL: Uit **AFDELING A, B en C** moet jy net **EEN** vraag beantwoord oor die genres wat jy bestudeer het. Uit **AFDELING D** moet jy **TWEE** vrae (met 'n totaal van 35 punte) beantwoord.

AFDELING A: ROMAN

Beantwoord slegs **EEN** vraag

VRAAG 1: Kringe in 'n Bos	Opstelvraag	35 punte
OF		
VRAAG 2: Kringe in 'n Bos	Kontekstuele vraag	35 punte
OF		
VRAAG 3: Meeulanders	Opstelvraag	35 punte
OF		
VRAAG 4: Meeulanders	Kontekstuele vraag	35 punte
OF		
VRAAG 5: Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom	Opstelvraag	35 punte
OF		
VRAAG 6: Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom	Kontekstuele vraag	35 punte

AFDELING B: DRAMA

Beantwoord slegs **EEN** vraag

VRAAG 7: Poppie, die drama	Opstelvraag	35 punte
OF		
VRAAG 8: Poppie, die drama	Kontekstuele vraag	35 punte
OF		
VRAAG 9: Paljas	Opstelvraag	35 punte
OF		
VRAAG 10: Paljas	Kontekstuele vraag	35 punte

AFDELING C: KORTVERHALE

Beantwoord slegs **EEN** vraag

VRAAG 11: 'n Beter lewe vir Mams	Opstelvraag	35 punte
OF		
VRAAG 12: Die Engelman	Kontekstuele vraag	35 punte

AFDELING D: GEDIGTE

Beantwoord enige **TWEE** van die volgende vrae

VRAAG 13: Woonstelbewoners	Kontekstuele vraag	17½ punte
OF		
VRAAG 14: So long Skipskop	Kontekstuele vraag	17½ punte
OF		
VRAAG 15: My siel, Pa	Kontekstuele vraag	17½ punte
OF		
VRAAG 16: Melkkantien	Kontekstuele vraag	17½ punte

AFDELING A: ROMAN

Beantwoord **EEN** van die volgende vrae:

VRAAG 1**KRINGE IN 'n BOS – Dalene Matthee: Opstelvraag**

Van al die mense in Saul se lewe, het Kate waarskynlik die grootste rol gespeel.

Skryf nou 'n opstel van 250 – 300 woorde waaarin jy hierdie stelling motiveer. Jou opstel moet 'n inleiding en 'n slot hê.

Jou opstel moet die volgende insluit:

- Die eerste ontmoeting tussen Saul en Kate
- Saul se twee jaar in die houtskuur
- Saul en Kate in die Bos
- Kate se ouers se inmenging
- Kate se rol aan die einde van die verhaal

[35]

OF

VRAAG 2**KRINGE IN 'n BOS – Dalene Matthee: Kontekstuele vraag**

Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vroegte wat daarop volg.

1 Op die onderpunt van Groot Eiland, waar sy ma en Sara
2 en sy pa begrawe lê, gaan staan hy 'n oomblik stil. Oor sy pa
3 bult die aarde nog effens en hy kan die plek uitken; oor sy ma
4 en Sara het die onderbos oorgeneem. Waar hulle naastenby
5 moet lê, is die onderbos uitgekap en daar lê die vars graf van
6 Jozef se kind. 'n Handvol varklelies hang verlep in 'n ver-
7 roeste blik.

8 Kort voor halfdag is hy terug op Oupoot se spoor en sukkel
9 hy met 'n skuldgevoel wat al dieper in hom invreet. 'n Skuld-
10 gevoel teenoor al die Sannas van die Bos, al die Jozefs, die
11 Anneriese en die Maskas. *Skuldgevoel waarvoor?!* skree dit hom
12 later tot besinning. Hulle het hom as verraaier in hierdie bos
13 besweer, soos hulle Oupoot as moordenaar besweer het!

2.1 Groot Eiland is waar ...

- A Saul gebore is.
- B die delwers die meeste skade aangerig het.
- C Saul-hulle gewoon het toe hy 'n kind was.
- D Patterson vir spoelgoud wou gaan soek.

(1)

2.2 Sy ma en Sara is dood nadat ...

- A die godsiekte hulle albei getref het.
- B die olifante deur hul skerm gebars het.
- C Saul by MacDonald gaan werk het.
- D daar goud in die Bos ontdek is.

(1)

2.3 Saul se pa is dood nadat 'n olifant hom getrap het.

- 2.3.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR?

(1)

- 2.3.2 Motiveer jou antwoord in EEN volsin.

(1)

2.4 Hul pa se dood het die twee broers, Saul en Jozef, weer nader aan mekaar gebring.

- 2.4.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR?

(1)

- 2.4.2 Motiveer jou antwoord in EEN volsin.

(1)

2.5 "Kort voor halfdag is hy terug op Oupoot se spoor ..."

- 2.5.1 Waarom is Saul aan die begin van die roman op Oupoot se spoor?

(1)

- 2.5.2 Waarheen lei Oupoot se spoor uiteindelik vir Saul?

(1)

2.6 "... sukkel hy met 'n skuldgevoel wat al dieper in hom invreet."

- 2.6.1 Waarom voel hy skuldig teenoor al die Bosmense?

(1)

- 2.6.2 Dink jy dat hy rede het om skuldig te voel? Motiveer jou antwoord deur te verwys na hoe hulle hom behandel het nadat hy weg is by sy pa.

(2)

2.7 Saul is die buitestaander in hierdie verhaal.

- 2.7.1 Wat is die heel belangrikste rede waarom hy 'n buitestaander was terwyl hy in sy pa se span gekap het?

(1)

- 2.7.2 Waarom kan hy as buitestaander gesien word tydens sy jare as gouddelwer?

(1)

2.8 Kies uit KOLOM B die antwoord wat die beste pas by die term in KOLOM A.

Oral waar Saul gegaan het, is hy gebrandmerk.

KOLOM A		KOLOM B	
2.8.1	weggejaagde	A	Hulle glo Saul gaan verkla hulle omdat hulle olifante skiet.
2.8.2	oproerling	B	Hy wil nie langer 'n pad loop wat nêrens uitkom nie.
2.8.3	opstandeling	C	Arend is dood nadat hy Saul gehelp het.
2.8.4	verraaier	D	Hy weier om die byl te lig teen die groot kalander.
2.8.5	spioen	E	Saul kies die kant van die bosbewaarders.
2.8.6	moordenaar	F	Hy glo nie meer wat die Bosmense vertel nie.

(6)

2.9 Vul die ontbrekende woorde in.

Jozef glo dat sy seun, (2.9.1 gee die naam) ... dood is nadat (2.9.2 nie meer as vyf woorde nie) ... Hierdie boodskap is deur (2.9.3 gee die naam) ... aan Saul gebring.

(3)

2.10 Daar was groot verskille tussen Saul en Jozef.

Skryf nou TWEE van hierdie verskille neer.

(2 x 2)

(4)

2.11 Daar was 'n besondere band tussen Saul en Oupoot.

2.11.1 Motiveer hierdie stelling.

(1)

2.11.2 Wanneer het Oupoot en Saul mekaar vir die heel eerste keer gesien?

(1)

2.11.3 Watter rol het Oupoot gespeel in die versoening van Saul en sy broer?

(1)

2.12 Die naam van hierdie roman is **Kringe in 'n Bos**.

Skryf nou 'n paragraaf van VYF volsinne waarin jy verwys na EEN van hierdie kringe, nl. die skewe sirkel waaroer Saul sy lewe lank baklei het.

(5)

2.13 In hierdie verhaal leer ons dat ...

A alle Engelse mense ryk is.

B 'n mens moet wegloop van die huis af as jy ongelukkig is.

C 'n mens nooit kan weghardloop van jou probleme nie.

D dat olifante en mense familie is.

(1)

[35]

VRAAG 3**MEEULANDERS – Esta Steyn: Opstelvraag**

In Ryna se laaste dagboekinskrywing, skryf sy: “*Ons sal bymekaarstaan, want ons is Meeulanders.*”

Skryf nou ’n opstel van 250 – 300 woorde waaarin jy verduidelik hoe Ryna ’n Meeulander geword het. Jou opstel moet ’n inleiding en ’n slot hê.

Verwys in jou opstel na die volgende:

- Die redes waarom Ryna na Meeuland gegaan het
- Ryna se eerste kennismaking met Meeuland
- Meeuland se huisie in kontras met haar huis in Kaapstad
- Dinge wat haar aan Meeuland bind
- Watter eienskappe het ’n Meeulander?

[35]

OF**VRAAG 4****MEEULANDERS – Esta Steyn: Kontekstuele vraag**

Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae wat daarop volg.

MEEULAND, DONDERDAGMIDDAG, 10 SEPTEMBER 1981

- 1 *Baie foto's geneem – die jettie, Jannerik, Flip-Flap, die graffie.*
 2 *Ek en Janka gaan môre wal toe vir twaalf dae. Klaar haar goedjies*
 3 *ingepak. Sy gaan by Elsabet bly, sy was nie laas maand daar nie. Ek*
 4 *gaan na ant Hansie-hulle toe. Die bekendstelling van die boek is vol-*
 5 *gende Saterdag, die 19de op Stellenbosch. Prof gaan ook daar wees. En*
 6 *ek moet Kaap toe gaan om verblyf te gaan soek. Dan sal ek terugkom en*
 7 *kom inpak.*
 8 *Drie jaar voel nou soos 'n enkele gedagte. Ek het gekom met een kof-*
 9 *fer en 'n boks vol boeke en 'n tikmasjien. Ek gaan terug met soveel won-*
 10 *ders. Ek het na die voëls van die hemel gekyk en gesien hoe God sorg. Ek*
 11 *het na die aandstiltes geluister en gehoor hoe Hy in die ruising daarvan*
 12 *asemhaal. Ek het begin insien dat daar 'n almagtige geordende ewewig*
 13 *in die natuur heers: vir elke winter, 'n somer; vir elke wolk, 'n stukkie*
 14 *son; vir elke storm, 'n stilte; vir elke wegvlug, 'n tuiskoms. Die balans*
 15 *daarvan is in ragfyn ritmes ingeweef, té groot en onbegryplik vir my*
 16 *verstand; al wat ek daarvan kan aflei, is dat daar vir elke momemt van*
 17 *pyn 'n moment van vreugde is. Vir elke verwonding, weer genesing.*
 18 *As ek Camilla gebly het, sou ek dit nooit besef het nie.*
- 19 “Ek gooi 'n paar stompneusies op die kole, wat sê jy, Van?” sê Attie die
 20 aand, terwyl sy voor die ou Singer-masjien sit. “Hulle is 'n mooi size ... so
 21 tweetjies. Wat op aarde maak jy, Van?” Hy kom nader en kyk hoe sy 'n stuk
 22 swart lap bo-oor 'n wit lap onder die naald inskuif.”

- 4.1 Waarom gaan Ryna vir twaalf dae van Meeuland af? (1)
- 4.2 Waaroor handel Ryna se boek? (1)
- 4.3 “*Baie foto’s geneem – die jettie, Jannerik, Flip-Flap, die graffie.*”
- 4.3.1 Waarom was dit vir Ryna nodig om juis nou so baie foto’s te neem? (1)
- 4.3.2 Hoe skakel die dinge waarvan Ryna foto’s geneem het, bymekaar in? Skryf ’n goeie pararaaf van ongeveer 80 woorde waarin jy die belangrikheid van elkeen van hierdie dinge vir Ryna se lewe op Meeuland uitlig. (5)
- 4.4 As Ryna praat van “wal” toe gaan, verwys sy na ...
- A Walvisbaai
 B Duikereiland
 C Meeuland
 D Salamanderbaai (1)
- 4.5 Kies die korrekte antwoord:
- Die skuinsgedrukte woorde in die uittreksel stel (Ryna se dagboek/die storielyn) voor, terwyl die gewone lettertipe (Ryna se dagboek/die storielyn) voorstel. (2)
- 4.6 Motiveer, met bewyse UIT DIE UITTREKSEL, dat Ryna die naam Mama-Meeu, verdien. (1)
- 4.7 het drie jaar gelede vir Ryna by die bushalte gaan haal.
- A Fred Blanckenberg
 B Jacob Langhans
 C Matthys Langhans
 D Doreen Bindeman (1)
- 4.8 Hoe het die volgende gedagte op ’n ironiese manier vir Elsabet waar geword: “*vir elke wegvlug, ’n tuiskoms?*” (2)
- 4.9 Hoe het die volgende gedagte vir Ryna waar geword: “*vir elke wolk, ’n stukkie son?*”? (2)
- 4.10 Baie van die belangrikste gebeurtenisse in hierdie roman vind plaas wanneer ’n storm woed.
- 4.10.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)
- 4.10.2 Motiveer jou antwoord met DRIE voorbeeldes. Gee jou antwoord in DRIE volsinne. (3)

- 4.11 In hierdie uittreksel praat Ryna van genesing (gesond word). Ook Jannerik het genesing gesoek en toe voorgestel dat hulle 'n boom plant.

4.11.1 Wie het vir Jannerik die idee gegee om 'n boom te plant? (1)

4.11.2 Kies die korrekte antwoord:
As jy 'n wildevyeboom plant, sal jou hartseer (minder/meer) word. (1)

- 4.12 Name speel 'n baie belangrike rol in hierdie verhaal. Kies nou uit KOLOM B die naam wat pas by die karakter in KOLOM A.

KOLOM A		KOLOM B	
4.12.1	Elsabet	A	Handigas
4.12.2	Camilla	B	Pikkewyn
4.12.3	Jacob	C	Duiker
4.12.4	Janka	D	Twilight
4.12.5	Attie	E	Mama Meeu

(5)

- 4.13 Rangskik die momente van vreugde in Ryna se lewe soos dit in die roman plaasgevind het. Skryf slegs die letters ondermekaar neer.

- A Ryna en Jannerik plant 'n boom.
- B Jacob en Ryna vind liefde op Meeuland.
- C Ryna begin brood bak en dis 'n sukses.
- D Ryna koop Ousanna se huis.

(4)

- 4.14 Ryna maak vir haar 'n aandrok van die swart en wit materiaal.

4.14.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)

4.14.2 Motiveer jou antwoord deur te verduidelik waarmee Ryna hier besig was. (1)

- 4.15 Voltooi die volgende sin deur slegs EEN WOORD in te vul.

Die feit dat Ryna nie dadelik wil sê wat sy maak nie, sluit aan by die tema van hierdie verhaal, naamlik ...

(1)

[35]

OF

VRAAG 5**DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM – Marita van der Vyver:
Opstelvraag**

Skryf 'n opstel van 250 – 300 woorde waaarin jy die rol van die volgende karakters in die verhaal bespreek. Jou opstel moet 'n inleiding en 'n slot hê.

- Hanna
- Fabienne
- Mana
- Beyers

[35]

OF**VRAAG 6****DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM – Marita van der Vyver:
Kontekstuele vraag**

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

1 Liewe leser, ek was nie altyd so ontevrede met my ma nie. Daar
2 was 'n tyd toe ek gedink het alle ma's dra groen skoene en pers
3 heksehoede met hoë punte en verf prente met blou lemoene en
4 rooi piesangs. Alle ma's doen sulke dinge, het ek gedink, myne
5 doen dit net beter as enigiemand anders.

6 Toe gaan ek kleuterskool toe en kom met 'n skok agter dat die
7 ander kleuters se ma's nie soos myne lyk of klink of selfs ruik nie.
8 Dat hulle hoëhakskoene en nylonkouse dra, dat hulle nooit dink
9 hulle weet beter as die kleuterskooljuffrou nie, en dat hulle na duur
10 parfuum ruik. My ma ruik die meeste van die tyd na die paraffien
11 waarmee sy haar verfkwaste skoonmaak ... Maar die grootste skok
12 was dat my maats almal pa's gehad het.

6.1 Watter een van die volgende stellings pas NIE by Mana NIE?

- A Sy verwaarloos haar gesin.
B Sy dra eksentriekie klere.
C Sy druk verfkwaste in haar hare.
D Sy stem nie altyd saam met die onderwyseresse nie.

(1)

6.2 Watter antwoord is NIE korrek NIE?

Mana se tweede huwelik het die volgende gevolge vir Hanna gehad:

- A Sy het nuwe boeties bygekry.
B Sy het 'n stiefpa gekry wat haar verstaan.
C Sy moes gewoond raak aan 'n groot, lelike huis.
D Sy het die bynaam, Hanna Hoekom, gekry.

(1)

6.3 Mana wou baie graag Hanna se skewe tandé laat regmaak.

6.3.1 Sê of die stelling WAAR of ONWAAR is. (1)

6.3.2 Motiveer jou antwoord deur na Mana se siening oor Hanna se voorkoms te verwys. (1)

6.4 Watter TWEE bewyse het ons uit die verhaal dat Mana Hanna sonder voorwaardes aanvaar en liefhet? (2)

6.5 Elke verhaal moet 'n verteller hê.

6.5.1 Watter tipe verteller het ons in hierdie verhaal? (1)

6.5.2 Sê hoekom hierdie tipe verteller die beste keuse was. (1)

6.6 Hanna was nie tevrede met haar ma nie. Hoe sou Hanna wou hê haar ma moes wees, as jy dink aan Fabienne se ma? Gee jou antwoord in DRIE volsinne. (3)

6.7 Kies uit KOLOM B die woorde wat pas by die karakters in KOLOM A.

KOLOM A			KOLOM B
6.7.1	Beyers	A	Rykmanskind wat graag 'n gewone gesinslewe wil hê.
6.7.2	Gavin	B	Hartseer seuntjie wat na sy ma in Amerika verlang.
6.7.3	Tibo	C	"cool" tiener.
6.7.4	Yann	D	Irriterende agtjarige.
6.7.5	Amos	E	Kunstig, vrolik en lewenslustig.
6.7.6	Sharon	F	Sterk en verantwoordelike versorger.

(6)

6.8 Beskryf die omstandighede waaronder Mana en Gavin getroud is. Gee DRIE feite. (3)

6.9 Voltooi die volgende sinne deur slegs die korrekte woorde in te vul:

Mana het haar tweede man, (6.9.1 gee sy naam) ... ontmoet toe hulle al twee met hul honde (6.9.2 gee die name) ... en ... gaan stap het. Dit het op (6.9.3 naam van berg)... gebeur. (4)

6.10 Voltooi die volgende sin:
Hanna se boetie se pa is "anders", omdat hy ... (1)

6.11 Wat bedoel ons as ons sê Hanna is deel van 'n SAAMGESTELDE gesin? Gee jou antwoord in DRIE volsinne. (3)

6.12 Dwarsdeur die verhaal lees ons van Fabienne en Hanna.

Vergelyk nou die twee meisies se BLYPLEK en GESINNE deur die volgende tabel te voltooi:

(4)

	Hanna	Fabienne
Blyplek		
Gesin		

6.13 Kies die korrekte antwoord:

Ek leer uit hierdie verhaal dat ...

- A alle saamgestelde gesinne altyd baklei.
- B huwelike altyd so ongelukkig is soos Mana s'n.
- C ek my eie omstandighede moet aanvaar.
- D my lewe nie 'n ongelooflike avontuur kan wees nie.

(1)

6.14 Waarom is die titel van hierdie verhaal so gepas? (1)

6.15 Verduidelik waarom die opskerif van die hoofstuk waaruit die uittreksel kom, "slice of life", goed aanpas by die tema van die verhaal. (1)

[35]

TOTAAL AFDELING A: 35

AFDELING B: DRAMA

Beantwoord **EEN** van die volgende vrae:

VRAAG 7

POPPIE, DIE DRAMA – Elsa Joubert: Opstelvraag

Poppie Nongena se pad is vol struikelblokke, maar word uiteindelik 'n reis na berusting en aanvaarding.

Skryf nou 'n opstel van 250 – 300 woorde waaarin jy hierdie stelling motiveer. Jou opstel moet 'n inleiding en 'n slot hê.

Verwys in jou opstel na die volgende:

- Uitsetting van swartmense uit Lambertsbaai
- Strenger paswette tussen 1966 – 71
- Stone se dood
- Die Soweto-opstand en Jakkie se optrede
- Poppie se berusting

[35]

OF

VRAAG 8**POPPIE, DIE DRAMA – Elsa Joubert: Kontekstuele vraag**

Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae wat daarop volg:

POPPIE:	(<i>Sang hou op. 'n Paar oomblikke lank verloor sy beheer oor haarself. Dan begin sy om bed op vloer op te maak en klim uiteindelik in.</i>) Maar toe dink ek: Ek is nou hier. Hulle het my papiere voor my stukkend geskeur. Hulle het my uit die huis wat my man vir my gebou het, weggenem. Hulle het my van my man en van my mama en van my broers af weggenem. Hulle kan doen wat hulle wil, maar ek is nog nie afgedood nie. Nou gaan ek vorentoe. Ek gaan vorentoe met wat ek oorgehou het, en dis my kinders. En die eerste wat ek moet doen, is dat my kinders moet skool kry. En toe kon ek slaap.
MOSIE:	Poppie se kinders het skool gekry. Sy het by die huis gebly en gekook en gewerk en gewas. Sy het nie baie vriende gehad nie. Sy het gereeld brieve gekry van die Kaap en tata-ka-Bonsile het geld gestuur. Hy het nooit oorgeslaan nie, al om die veertien dae twintig of dertig rand. As sy lank nie brief gekry het van die Kaap nie, was sy hartseer en vol verwyt. As sy dan brief kry van haar familie was die hartseer net so groot.
POPPIE:	Auk, hulle leef so lekker sonder my.
MOSIE:	Na twee jaar het tata-ka-Bonsile vir hulle kom kuier. <i>Stone kom aan met bliktrommel. Bonsile en Poppie ontmoet hom by stasie. Bonsile dra die trommel verder.</i>
PLANK:	Na twee weke is Stone weer huis toe.
JAKKIE:	Kort daarna het moeilikheid by Poppie se deur kom aanklop.

8.1 Poppie se regte naam beteken ...

- A meisie uit die geslag van groot vroue.
- B daar is geen toegang vir groot vroue nie.
- C iets het reggekom vir die groot vroue.
- D daar is hoop vir groot vroue.

(1)

8.2 Poppie se naam pas glad nie by haar optrede in spreekbeurt 1 nie.

Motiveer of kritiseer hierdie stelling.

(1)

8.3 Poppie sê: "Ek is nou hier."

- 8.3.1 In watter dorp bevind Poppie haar nou? (1)
- 8.3.2 Na watter "papiere" verwys Poppie hier? (1)
- 8.3.3 Watter TWEE voorwaardes het Poppie gehad voordat sy ingestem het om haar mense te verlaat? (2)
- 8.3.4 Verduidelik in TWEE volsinne waarom Poppie nie by haar ma en broers kon bly nie. (2)

8.4 Poppie en Stone se troue het direk aanleiding gegee tot die ... van die drama.

- A motoriese moment
- B eksposisie
- C krisis
- D ontknoping (1)

8.5 Uit Mosie se eerste spreekbeurt lei ons af dat Poppie se verblyf op hierdie vreemde plek haar met gemengde gevoelens gelaat het.

- 8.5.1 Noem TWEE dinge waaruit ons kan aflei dat sy nie gelukkig was nie. (2)
- 8.5.2 Noem TWEE dinge wat haar wel gelukkig gemaak het. (2)

8.6 As Poppie sê: "Auk, hulle leef so lekker sonder my," is dit duidelik dat sy ...

- A baie geskok is dat hulle so lekker leef.
- B baie bly is hulle leef lekker.
- C baie jammer voel vir haarself.
- D baie jammer voel vir haar familie. (1)

8.7 Kies uit KOLOM B die antwoord wat die beste pas by die karakters in KOLOM A.

KOLOM A		KOLOM B	
8.7.1	Poppie	A	Hy skiet 'n polisieman.
8.7.2	Mosie	B	"As jy nie meer eenkant toe kan nie, draai jy maar jou koers om."
8.7.3	Plank	C	Laat Poppie snags wakker lê van bekommernis.
8.7.4	Jakkie	D	Bied huisvesting vir die familie na ouma Hannie se dood.
8.7.5	Bonsile	E	Ontdek dat Poppie se kleinkind dood is op haar rug.

(5)

8.8 Voltooi die volgende sin deur die korrekte woorde in te vul.

Toe Stone sterf, kom die trommel wat Bonsile dra, weer na vore. In die trommel was daar 'n (8.8.1) ... om uit te eet, 'n (8.8.2) ... vir die koue nagte en 'n paar (8.8.3 gee TWEE woorde)

(3)

- 8.9 Die moeilikheid waarna Jakkie in die laaste sin verwys, is toe die polisie vir Poppie vra om terug te gaan Kaap toe.
- 8.9.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)
- 8.9.2 Motiveer jou antwoord deur te sê wat direk na hierdie aanhaling plaasgevind het. (1)
- 8.10 Stone is dood nadat hy deur 'n dwaalklip getref is.
- 8.10.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)
- 8.10.2 Motiveer jou antwoord deur te verwys na die *direkte* oorsaak van sy dood. (1)
- 8.11 Rangskik die volgende gebeure in die korrekte volgorde. Skryf slegs die letters ondermekaar neer:
- A Die gedwonge verskuiwing van Lambertsbaai na Nyanga
 B Poppie en Stone trou
 C Bonsile en Nomvula word gearresteer
 D Soweto-opstande van 1976 (4)
- 8.12 Die lied, "Nkosi, sikele! iAfrika", loop soos 'n goue draad deur hierdie drama. Skryf nou 'n paragraaf waarin jy verduidelik hoe hierdie lied by VYF geleenthede in die drama gebruik word om elke keer 'n ander atmosfeer voor te stel. (5)
[35]

OF**VRAAG 9****PALJAS – Chris Barnard: Opstelvraag**

Hierdie drama handel oor 'n gesin wat weer moet leer om die lewe te geniet. Manuel, die nar, kom help hulle om dit te doen.

Skryf nou 'n opstel van 250 – 300 woorde waaarin jy hierdie stelling motiveer. Jou opstel moet 'n inleiding en 'n slot hê.

Verwys in jou opstel na die volgende:

- Die gesin se omstandighede voordat Manuel daar aankom
 - Die omstandighede waaronder Manuel daar opdaag
 - Die veranderinge wat plaasvind
 - Die invloed van die McDonalds se verandering op die res van die gemeenskap
- [35]**

OF

VRAAG 10**PALJAS – Chris Barnard: Kontekstuele vraag**

Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae wat daarop volg.

25. Dis lank voor dagbreek. Hendrik-hulle se slaapkamer is donker. Al wat 'n mens kan uitmaak, is 'n kantgordyn wat roer asof daar 'n luggie trek. Dalk hoor ons 'n haan kraai. Dan, skielik, en sonder enige twyfel, en sommer hier naby, brul 'n leeu.

Daar is 'n pouse, en dan 'n katel wat kraak. Katrien se silhoeët word sigbaar waar sy vinnig voor die oop venster orent sit in haar bed.

Die leeu brul weer. En Hendrik se katel kraak.

KATRIEN: Hendrik? Hoor jy dit?

HENDRIK: Dit klink kompleet nes 'n leeu!

'n Vuurhoutjie kras en Hendrik steek 'n kers op. Die leeu brul weer.

HENDRIK (*kyk verbysterd op na Katrien toe*): Dis God weet 'n leeu!

26. Dis vroegdag. Die stasie en die werf is net-net lig. Hendrik, in sy nagklere en spoorwegstewels, haelgeweer in die hande, kom onseker aangestap. Katrien, in haar nagkabaai, reg agter hom. Klein Willem drie tree agter haar. Emma tien tree agter Willem. Hulle kom tot op 'n punt – dan steek Hendrik vas en die ander drie dam agter hom op. Daarna kom hulle tree vir tree nader. Maar soos slapwandelaars. Soos mense wat 'n ruimtetuig sien land en nou op die ding afstap.

Oplaas word dit duidelik wat die vier sien: 'n trein. Die trein staan op die syspoor. 'n Goederetrein. Vol dierehokke. Hokke met olifante, perde – en leeus!

10.1 Die McDonald-gesin woon op ...

- A Sonderwater.
- B Toorwater.
- C Bitterwater.
- D Louterwater.

(1)

10.2 10.2.1 Op watter probleem in die McDonald-huishouding dui die feit dat Katrien en Hendrik een kamer deel, maar op aparte beddens slaap? (1)

10.2.2 Hoe het die trein hier op die stasie beland? (1)

10.2.3 Die gesin stap bang nader aan die trein. Wat sê dit vir ons van die mense van hierdie dorpie? (1)

10.2.4 Wat simboliseer treine in Katrien se lewe? (1)

10.3 Die brul van die leeu daardieoggend vroeg, het direk aanleiding gegee tot die ... van die drama.

- A motoriese moment
- B eksposisie
- C krisis
- D ontknoping

(1)

10.4 Saam met die vreemde sirkustrein vol diere, het Manuel, die nar, ook in die McDonalds se lewe gekom.

10.4.1 Hoe het Willem en die nar mekaar ontmoet? (1)

10.4.2 Noem TWEE toertjies waarmee Manuel aan die begin vir Willem probeer opvroliek. (2)

10.4.3 Hoe kry Manuel dit uiteindelik reg om Willem hardop te laat lag? (1)

10.4.4 Wat simboliseer Willem se stomheid in hierdie drama? (1)

10.5 Die leeus in die hokke simboliseer ...

- A die gevaar wat die sirkus vir hierdie dorpie inhou.
- B Hendrik wat nie sy volle potensiaal kan uitleef nie.
- C Emma se woede omdat haar pa haar nie wil uitlos nie.
- D die dominee se waarskuwing oor die sirkus.

(1)

10.6 Kies uit KOLOM B die antwoord wat die beste pas by die karakters in KOLOM A.

KOLOM A		KOLOM B	
10.6.1	Katrien	A	Bang vir 'n vervelige toekoms.
10.6.2	Willem	B	Vereensaam al hoe meer.
10.6.3	Hendrik	C	Hy bring verandering.
10.6.4	Emma	D	Probeer alles met lawwe praatjies regpraat.
10.6.5	Manuel	E	Is die eerste een in die familie wat begin verander.

(5)

10.7 Voltooi die volgende sin deur die korrekte woorde in te vul:

Terwyl die sirkustrein daar op die stasie staan, is dit (10.7.1 gee naam) ..., een van die sirkusmanne, wat baie aandag aan Emma gee. Hendrik is ontevrede, want hy wil hê sy moet meer aandag aan (10.7.2) gee naam) ... gee. Emma word daardie aand aan tafel aangespreek omdat sy ewe skielik haar (10.7.3 nie meer as DRIE woorde nie) (3)

10.8 Die McDonald-gesin se optrede in toneel 26 dui daarop dat hulle nog nooit 'n trein gesien het nie.

10.8.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)

10.8.2 Motiveer jou antwoord deur te verwys na hulle alledaagse lewe op hierdie klein dorpie. (1)

- 10.9 Indien hierdie drama opgevoer word, moet die toneelspelers doen wat in skuinsdruk staan.
- 10.9.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)
- 10.9.2 Motiveer jou antwoord deur presies te sê wat die funksie van die skuinsgedrukte woorde is. (1)
- 10.10 Rangskik die volgende gebeure in die korrekte volgorde. Skryf slegs die letters ondermekaar neer.
- A Die inwoners van die dorp rand die McDonalds aan.
 B Manuel besluit om agter te bly.
 C Hendrik rapporteer die trein wat onwettig op sy stasie staan.
 D Willem begin weer praat. (4)
- 10.11 Uit Hendrik se houding met die geweer kan ons aflei dat geweld vir hierdie plekkie se mense iets algemeens was.
- Vertel nou van 'n ander geleentheid waar selfs die kerkmense hulle aan hierdie gedrag skuldig gemaak het. Gee jou mening oor waarom hierdie mense hulle tot geweld wend. (5)
- 10.12 Verduidelik waarom die titel van hierdie drama so gepas is. (2)

[35]

TOTAAL AFDELING B: 35**OF****AFDELING C: KORTVERHALE**Beantwoord **EEN** van die volgende vrae:**VRAAG 11****STORIEJOERNAAL: Opstelvraag****'n Beter lewe vir Mams – Zulfah Otto-Salie**

Reeds in die titel sien ons Solly se liefde vir sy ma.

Skryf 'n opstel van 250 – 300 woorde waarin jy motiveer dat Solly uit liefde vir sy ma, en nie uit groepsdruk nie, die verkeerde pad geloop het. Jou opstel moet 'n inleiding en 'n slot hê.

Verwys in jou opstel na:

- Die woorde in die titel
- Solly se huislike omstandighede
- Hoe Solly se ma oor hul omstandighede gevoel het
- Solly se brief

[35]

OF**VRAAG 12****STORIEJOERNAAL: Kontekstuele vraag****Die Engelman – Izak de Vries**

Lees die onderstaande uittreksel deur en beantwoord dan die vrae wat daarop volg:

1 Die brief moes toe vandag kom, dink hy. Vroegoggend is hier 'n paar meisies verby
2 en hulle het Afrikaans gepraat. Dis dan wanneer sy lýf verlang. Sy hele lyf, nie net
3 sy kop en sy hart nie. Dan wil hy weer vir Natalie naby hom hê. Daar is iets in die
4 manier waarop sy hom vasgedruk het toe hy weg is wat hy steeds mis. As hy dit in
5 woorde sou kon omskep, sou dit makliker wees, maar hy kan nie. Dis nie sy kop of
6 sy tong wat daardie drukkie mis nie, dis sy alles. Sy hand onthou sy pa se groet. Sy
7 wange onthou sy ma se soene. Maar sy hele lyf onthou Natalie se stywe, stywe
8 druk.
9 Hy het amper die hele Engeland-storie afgestel. Natalie was werklik die eerste
10 meisie op wie hy hartgrondig verlief was.

- 12.1 Som die inhoud van Natalie se brief in TWEE volsinne op. (2)
- 12.2 Chris en Natalie se verhouding het gewerk omdat hulle vir mekaar lief was.
Noem nou nog TWEE redes waarom hulle verhouding so goed gewerk het. (2)
- 12.3 "Hy het amper die hele Engeland-storie afgestel."
- 12.3.1 Waar presies in Engeland is Chris? (1)
- 12.3.2 Waarom het hy huis op hierdie plek besluit? (1)
- 12.3.3 Watter bewyse is daar uit die verhaal dat Chris baie suksesvol is in Engeland? (1)
- 12.3.4 Watter bewys is daar uit hierdie uittreksel spesifiek, dat Chris, ten spyte daarvan dat hy goed aanpas in Engeland, tog na sy kultuur verlang? (1)
- 12.3.5 Verduidelik in TWEE goeie sinne waarom ons kan sê dat hierdie "Engeland-storie" ook vir ons wys dat Chris baie ambisie het. (2)
- 12.4 "Vroegoggend is hier 'n paar meisies verby en hulle het Afrikaans gepraat." Een van hierdie meisies se naam was Silina.
- 12.4.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)
- 12.4.2 Motiveer hierdie stelling deur na TWEE dinge te verwys. (2)

1 Mal, maller, malste hardloop hulle skip toe. Twee meisies en
 2 twee ouens. Hy druk die lepel in, ry hard tot daar.
 3 “Ship,” hyg die meisie en wys. “Quick. It leaves half past.”
 4 Hy loer na sy horlosie en glimlag.
 5 “I’ll be quick,” sê hy. “But there is a speed limit.”
 6 “Ry net, bliksem,” sê die pragtige meisie hier langs hom.
 7 My pa sou nou weer ’n hele lang storie gehad het oor die afkoms van die mense uit die
 8 Bo-Kaap, dink Chris.

- 12.5 Wat is die funksie van die gebruik van die trappe van vergelyking in reël 1? (1)
- 12.6 Waaruit kon Chris aflei dat die meisie uit die Bo-Kaap kom? Noem EEN rede. (1)
- 12.7 Die titel van die verhaal is *Die Engelman*. Watter woordspeling kry ons in die woord “Engelman”? (2)
- 12.8 Kyk na die ooreenkomsste en verskille tussen Chris en Silina. Skryf nou ’n paragraaf met minstens VYF FEITE waarin jy sê watter kans hulle verhouding het om te werk. (5)
- 12.9 Nadat Chris dit oorweeg het, besluit hy dat hy die meisie tog beter wil leer ken omdat ...
- A sy hom aan Natalie herinner.
 B sy hom graag wil soen.
 C sy voor langs hom in die taxi sit.
 D sy ook *Umberto Eco* lees. (1)
- 12.10 Watter slim plan beraam hy om sy boodskap by haar te kry?
- A Hy skryf dit in sy boek en maak asof sy dit in die taxi vergeet het.
 B Hy ry vinnig om hulle betyds by die skip te kry om haar te beïndruk.
 C Hy maak asof hy nie Afrikaans verstaan nie om te hoor wat sy sê.
 D Hy vertel sy pa dat sy ’n goue kruisie dra en Afrikaans praat. (1)
- 12.11 Kies uit KOLOM B die antwoord wat pas by KOLOM A.
- | KOLOM A | | KOLOM B |
|----------------------------|---|--|
| 12.11.1 hoofkarakter | A | Een dag, van vroegoggend tot die aand. |
| 12.11.2 ruimte | B | Liefdesverhouding tussen mense uit verskillende agtergronde. |
| 12.11.3 tydsduur | C | Dover, met sy wit kranse, waar groot skrywers gewoon het. |
| 12.11.4 tema | D | Ander boeke toon raakpunte met die teks wat jy lees. |
| 12.11.5 intertekstualiteit | E | Buitestaander met ander belangstellings. |
- (5)

12.12 Rangskik die volgende gebeure in die storielyn in die korrekte volgorde. Skryf slegs die letters ondermekaar neer:

- A Hy skryf sy nommer in die boek wat hy vir haar gee.
- B Silina bid dat hulle 'n taxi kry om die skip betyds te haal.
- C Chris is bly daar is baie werk om hom besig te hou.
- D Chris besef daar is 'n geleentheid om Selina weer te sien.
- E Silina stuur vir hom 'n sms waarop hy antwoord.
- F Chris kry Natalie se brief.

(6)
[35]

TOTAAL AFDELING C: 35

OF

AFDELING D: GEDIGTE

Beantwoord **TWEE** van die volgende **kontekstuele** vrae:

VRAAG 13

VERSJOERNAAL

Lees die volgende gedig met aandag deur en beantwoord dan die vrae wat daarop volg:

Woonstelbewoner – Sheila Cussons

- 1 Laat ek my seëninge tel.
- 2 Byvoorbeeld, wat hoor ek nou, wat kan
- 3 my trillende aandag my vertel?
- 4 Gesuis van verkeer op straat;
- 5 die hartbreekroep van 'n inkblouvoël
- 6 waarvan ek die naam nog moet leer;
- 7 die klein klikgeluidjies by tussenpose
- 8 van my stoof wat my herinner
- 9 dat iets daarop prut. En, dat die energieke dag
- 10 nou nag toe staan.
- 11 Saam met welkom in my oor
- 12 en wat ek knersend kalm probeer om skoon te hoor
- 13 dwarsdeur, bo-oor
- 14 die beleg van my sinne tot in my skedel
- 15 van daardie TV-ding langsaan.

13.1 Kies die korrekte woord:

Om jou **seëninge** te tel, beteken om na al die (negatiewe/positiewe) dinge in jou lewe te kyk.

(1)

13.2 “... wat kan my **trillende** aandag my vertel?

Die donker gedrukte woord beteken dat die spreker...

- A bewe terwyl sy aandag gee.
- B met aandag luister.
- C sukkel om aandag te gee.
- D se aandag afgetrek word.

(1)

13.3 Die volgende aanhaling is 'n retoriiese vraag.

“*Byvoorbeeld, wat hoor ek nou, wat kan my trillende aandag my vertel?*”
(reël 2 en 3)

13.3.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (½)

13.3.2 Motiveer hierdie stelling deur na reëls 4 – 10 te verwys. (1)

13.4 Waarom is “gesuis” (reël 4) 'n beter woordkeuse as bv. “gedruis”, wat ons beter ken in die konteks van verkeer? (1)

13.5 Noem enige DRIE geluide wat die spreker hoor, waarvan sy hou. (3)

13.6 As woonstelbewoner is hierdie spreker ...

- A geïrriteerd.
- B hartseer.
- C trillend.
- D energiek.

(1)

13.7 Kies uit KOLOM B die term wat die beste pas by die voorbeeld in KOLOM A.

KOLOM A		KOLOM B	
13.7.1	klein <u>klik</u> geluidjies	A	metafoor
13.7.2	beleg van my sinne	B	oksimoron
13.7.3	knersend kalm	C	alliterasie
13.7.4	klikgeluidjies	D	klanknabootsing

(4)

13.8 Vul die ontbrekende woorde in.

Hierdie gedig is 'n voorbeeld van vrye vers omdat die (13.8.1) ... in lengte wissel en daar geen vaste (13.8.2) ... soos bv. abab, is nie.

(2)

13.9 Haal EEN versreël aan as bewys dat die spreker van sekere geluide hou. (1)

13.10 Van watter geluid hou die spreker nie? (1)

- 13.11 Wat is die funksie van die alleenplasing van die twee voorsetsels "dwarsdeur, bo-oor" in reël 13?

(1)
[17½]

OF

VRAAG 14

Lees die volgende gedig met aandag deur en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.

So long, Skipskop – David Kramer

1 Pak op pak op
 2 sit jou goedjies op jou kop
 3 môre gaan ons weg
 4 ver van hier weg
 5 Skipskop Skipskop
 6 wanneer hou die dinge op
 7 swaarkry lê net voor
 8 die blou berge oor

9 Overberg se mens is ek gebore
 10 op die plek Skipskop
 11 nes my pa en sy pa ook
 12 hier deur die duine loop onse spore
 13 hier op die beach hier langs die see

14 is ek gedoop
 15 Wat ken ek anders as die bloudam se branders
 16 die wolke en die winde wat hier waai
 17 Verkoop jou bootjie
 18 pak op jou goedjies
 19 sê ma' So long Skipskop Skipskop

20 sê goodbye
 21 Linkerhand regterhand watsekant
 22 lê die plek Misverstand
 23 Asseblief meneer sê tog weer
 24 is dit die pad wat ons moet môre vat

25 'n Stukkie lê hier 'n stukkie lê daar
 26 stukkies van my lewe lê nou deurmekaar
 27 tel op tel op vir Shorty en vir Pop
 28 gaan haal vir Apie en hou daai kindjie dop

29 Wat ken ek anders as die bloudam se branders
 30 die wolke en die winde wat hier waai
 31 Verkoop jou bootjie
 32 pak op jou goedjies
 33 sê ma' So long Skipskop Skipskop
 34 sê goodbye
 35 sê ma' So long Skipskop Skipskop
 36 sê goodbye

- 14.1 Gee 'n goeie Afrikaanse vertaling vir: "So long, Skipskop". (1)
- 14.2 Haal die woord aan wat bewys dat die persoon met wie gepraat word, nie baie besittings het nie. (1)
- 14.3 Na watter dinge verwys die spreker in reël 6? (1)
- 14.4 Hoe pas die plekke Overberg en Skipskop bymekaar? (1)
- 14.5 Die boodskap wat David Kramer met hierdie gedig wou oordra, is dat die vissers van Skipskop bekommerd is oor hulle kinders.
- 14.5.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (½)
- 14.5.2 Motiveer jou antwoord deur na die tema van hierdie gedig te verwys. (1)
- 14.6 Waarmee word die see in strofe 3 vergelyk? (1)
- 14.7 Watter emosie lê opgesluit in die woorde: "Linkerhand regterhand"? (1)
- 14.8 Waarom word "stukkies" in reël 25 en 26 herhaal? (1)
- 14.9 Watter antwoord pas NIE?
Die spreker se houding kan as ... beskryf word.
- A woedend
B hartseer
C nederig
D onseker (1)
- 14.10 Watter antwoord pas NIE?
Die spreker wil nie trek nie, omdat hy ...
- A geen ander plek as Skipskop ken nie.
B daar gebore en gedoop is.
C 'n bestaan uit die see maak met sy bootjie.
D heeltemal te oud is om berg te klim. (1)
- 14.11 Kies uit KOLOM B die term wat die beste pas by die voorbeeld in KOLOM A.
- | KOLOM A | | KOLOM B | |
|---------|----------------------|---------|--|
| 14.11.1 | refrein | A | swaarkry lê net voor die blou berge oor |
| 14.11.2 | woordspeling | B | die <u>wolke</u> en die <u>winde</u> <u>wat</u> hier <u>waai</u> |
| 14.11.3 | alliterasie | C | sê ma' So long Skipskop Skipskop sê goodbye |
| 14.11.4 | figuurlike betekenis | D | Linkerhand regterhand watsekant lê die plek Misverstand |
- (4)

- 14.12 Vul die ontbrekende woorde in:

*'n Stukkie lê hier 'n stukkie lê daar
 stukkies van my lewe lê nou deurmekaar
 tel op tel op vir Shorty en vir Pop
 gaan haal vir Apie en hou daai kindjie dop*

In hierdie strofe is die herhaling van vokale soos aa en o 'n voorbeeld van (14.12.1) ... Die rymskema word (14.12.2) ... rym genoem. (2)

- 14.13 Wat het die digter gedoen om die hartseer stemming in die gedig te skep? (1)
 [17½]

OF

VRAAG 15

Lees die volgende gedig met aandag deur en beantwoord dan die vrae wat daarop volg:

My siel, Pa – Maria van Rensburg

- 1 Hoeveel ekstra vakke, Pa?
- 2 Dux-leerling? Is dit wat Pa vra?
- 3 Die prestasies, Pa, al is dit top,
galgtou oor my kop.
- 4 En my siel, Pa ...
- 5 kan ek 'n klein-klein stukkie terugvra?
- 6
- 7 Pa, hoeveel eerstes by die wenpaal,
rekords moet ek nog behaal?
- 8
- 9 Hoeveel keer op die rostrum, Pa,
met 'n Achillieshiel wat pla?
- 10
- 11 Maar my siel, Pa ...
- 12 kan ek 'n klein-klein stukkie terugvra?
- 13 Pa, S.A.-skolespan speel ek al twee jaar,
Pa se Cravenweek is geëwenaar.
- 14
- 15 Hoe hoog moet die turksvy-kind in die lynstaan spring
om Pa eer te bring?
- 16
- 17 Maar my siel , Pa ...
- 18 kan ek 'n klein-klein stukkie terugvra?
- 19
- 20 Pa, is Pa nooit tevrede met die ewebeeld,
wat oor my vou soos 'n donker kleed?
- 21
- 22 Pa is mos my proto,
ek is maar net Pa se foto!
- 23
- 24 Maar my siel, Pa ...
kan ek 'n klein-klein stukkie terugvra?

- 15.1 Wat noem ons die soort vrae wat die spreker dwarsdeur die gedig vra? (1)
- 15.2 Waarom sou ons kon sê dat die spreker nie 'n eie persoonlikheid en lewe het nie? (2)
- 15.3 Die pa in hierdie gedig het nooit rugby gespeel toe hy op skool was nie.
- 15.3.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (½)
- 15.3.2 Motiveer jou antwoord deur 'n reël uit die gedig aan te haal. (1)
- 15.4 Noem enige DRIE dinge waarin die spreker presteer. (1)
- 15.5 Wat voel die spreker het hy aan sy pa verloor? (3)
- 15.6 Watter antwoord is NIE korrek nie?
Die spreker in hierdie gedig
- A is 'n baie goeie sportman.
 B ervaar sy pa se verwagtinge van hom as knellend.
 C is sielsongelukkig.
 D dra ook donker skooldrag, nes sy pa. (1)
- 15.7 Watter antwoord is korrek?
Die rymskema in hierdie gedig is ...
- A kruisrym.
 B paarrrym.
 C omarmende rym.
 D vrye vers. (1)
- 15.8 Kies uit KOLOM B die verduideliking wat die beste pas by die voorbeeld in KOLOM A.
- | KOLOM A | KOLOM B | |
|----------------------|---------|-----------------------------------|
| 15.8.1 Achillieshiel | A | 'n Probleemkind. |
| 15.8.2 turksvy-kind | B | Lyk presies soos iemand anders. |
| 15.8.3 proto | C | Swakplek, kwesbare plek. |
| 15.8.4 ewebeeld | D | 'n Voorbeeld/model om na te volg. |
- (4)
- 15.9 Kies die korrekte antwoord: Die beeldspraak in reëls 3 en 4 is 'n voorbeeld van 'n (vergelyking/metafoor). (1)
- 15.10 Waarom dink jy is die beeldspraak in VRAAG 15.9 so gepas? (2)
[17½]

OF

VRAAG 16**Melkkantien – Elizabeth Eybers**

1 Wat soek sy hier waar alles glim, die vrou,
 2 verweer en afgewater, kneukels rooi,
 3 soos die tamatiesap waarom hulle klou?
 4 Tussen die kelnerinne, opgetooi,
 5 met jong gesigte, almal leeg en hard,
 6 wat soek sy hier, so afgesloof en stroef,
 7 in haar verrimpelde gelaat die smart
 8 van anders en alleen wees saamgeskroef?

9 Vir sóveel powerheid is daar geen troos:
 10 ek vat die vol glas lomp en sê, ek soek
 11 na 'n apteker, dalk kan sy my help?
 12 Sy stoot die vaal haartoutjies terug, oorstelp
 13 van vriendelikheid, beduie tandeloos:
 14 Jy meen 'n kemmis? Ja, net om die hoek.

- 16.1 Waarom kan ons sê dat veral die eerste strofe van hierdie gedig baie visueel is? (1)
- 16.2 Verduidelik die gebruik van die vraagteken aan die einde van reël 8. (1)
- 16.3 In hierdie kantien word net melkprodukte verkoop.
- 16.3.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (½)
 - 16.3.2 Motiveer jou antwoord met 'n voorbeeld uit die gedig. (1)
- 16.4 16.4.1 Watter tipe spreker kry ons in hierdie gedig? (1)
- 16.4.2 Hoe verskil die spreker se rol in die 2 stofes? (2)
 - 16.4.3 Waarop duï die ou kelnerin se gebrekkige Afrikaans (laaste reël)? (1)
- 16.5 Watter antwoord is korrek?
 Die rymskema in die eerste strofe van hierdie gedig is ...
- A kruisrym.
 - B paarrrym.
 - C omarmende rym.
 - D vrye vers. (1)

- 16.6 Kies uit KOLOM B die verduideliking wat die beste pas by die voorbeeld in KOLOM A.

KOLOM A		KOLOM B	
16.6.1	Oktaaf	A	Daar is 'n wending.
16.6.2	Die vrou	B	Reëls 10 – 14.
16.6.3	Sekstet	C	Eerste strofe.
16.6.4	Geselstrant	D	Die sentrale figuur.

(4)

- 16.7 “verweer en afgewater, kneukels rooi,
soos die tamatiesap waarom hulle klou?”

- 16.7.1 Kies die korrekte antwoord: Die beeldspraak in die aanhaling hierbo is
'n voorbeeld van 'n (vergelyking/metafoor). (1)

- 16.7.2 Waarom is dit 'n gepaste beeld? (2)

- 16.8 Gee 'n aanhaling uit die laaste ses reëls wat bewys dat die spreker ongemaklik voel in die ou kelnerin se geselskap. (1)

- 16.9 Demonstreer die kontras tussen die ou vrouw en die jong kelnerinne aan die hand van TWEE voorbeelde uit die gedig. (2)

[17½]

TOTAAL AFDELING D: 35**GROOTTOTAAL: 70**